Hoe om ’n veldstofie te maak

Hierdie veldstofie sorg vir groot pret! Maak dit met graad 1 tot 4 PD’s.

? Stappe



1. Jy benodig: ’n Leë kondensmelkblikkie, ± 2 of 3 kerse en kerspitte, karton, ’n messie, 3 of 4 spykers.
2. Sny die karton met die messie. Die breedte van die karton moet dieselfde as die hoogte van die kondensmelkblikkie wees.

3. Rol die karton stewig op en plaas in die blikkie.
4. Smelt die kerse en haal die pitte uit.
5. Plaas die kerspitte tussen die karton.
6. Plaas 3 of 4 langerige spykers in die blikkie.
7. Gooi die kerswas oor die karton, ± ¾ vol kerswas.
8. Wag tot die kerswas stol.
9. Steek die kerspitte aan die brand.
10. Die stofie werk baie goed. Die karton slaan aan die brand asook die kerspitte.
11. Plaas ’n blikkie of houertjie met water op hierdie stofie. Die water word warm genoeg om warmsjokolade mee te maak.
12. Jy kan ook plaatkoekies in ’n foeliehouer op die stofie gaarmaak.
13. Die volgende werk baoe goed. Gooi springmieliepitte en genoeg olie in ‘n blikkie. Bedek die blikkie met foelie (m.a.w. maak ‘n foeliedeksel). Plaas op die veldstofie. Daar is groot opgewondenheid as die springmielies begin spring!

☺ Wenke

1. Hierdie stofies se vuurtjie is moeilik om dood te maak. Hou ’n leë blikkie byderhand om die stofie te smoor.
2. Indien die wind waai, bou ’n afskorting (bakstene of karton) om te verseker dat die stofie effektief werk.
3. Laat die kinders self hulle stofies aansteek (onder toesig). Die offisier moet in beheer van die boksie vuurhoutjies wees.

☠ Waarskuwings

1. Waarsku kinders om nie self die blikkie of foeliehouer van die stofie af te haal nie. Dit word baie warm.
2. Gooi self die kerswas oor die blikkie.
3. Moenie die kinders alleen laat nie. ’n Volwassene moet heeltyd toesig hou.